Helderstem

www.nghelder.co.za - 021 851 5582 - kommunikasie@nghelder.co.za

Ons lees in 2 Korintiërs 5:14 van Sy liefde wat dring. Jy ken daardie gevoel. Die gevoel om iets te **doen**, die gevoel om te help en te gee. Daarmee saam voel ons dikwels dom en onhandig. Dit voel soms of ons hande leeg is. Leeg, soos die hande waarvan ons in Johannes 8 lees, wat toe nie die vrou gestenig het nie. Ons het die klippe laat val.

Wat ons moet verstaan en aangryp, is dat dieselfde Liefde wat ons uitnooi, dieselfde Liefde wat ons dring, dis Hy wat ons harte en hande **vol** maak. Hy maak ons vol van die vrug en die gawes van Homself, Sy Heilige Gees. En dan géé ons, sonder om terug te verwag, want ons gee juis wat ons ontvang het.

Om werklik te kan gee wat 'n hart bedien, het ons nodig om te sien en te hoor. Om deur Sy liefde gedring te word, beteken dat ek nie my agenda en verstaan volg nie, maar Sy hart. Daarom moet ons naby Sy hart bly en ons naaste sien en hoor.

Ons moet leer hoe om te dien. Ons moet leer sien en hoor… Hom en elkeen na Wie Hy ons nooi. Daar sal Hy ons verander en meer soos Hy maak. Dan sal Sy Koninkryk kom. Dan sal Sy wil geskied…soos in die Hemel.

Madri Bruwer

Kom kuier by die Uitreik-stalletjies na die diens.

Sondag 3 Februarie

Uitreikfees

Op pad met die wêreld

08:00 Meditatief	Paul Barnard
08:00 Klassiek	Madri Bruwer
09:30 Meditatief	Paul Barnard
09:30 Informeel	Madri Bruwer
09:30 Jeugaktiwiteite	
09:00 HGG	Pilot Loots
10:00 HB Village	Danie O'Kennedy
10:30 Internas Studente	Die Khaya
18:00 Tienerkerk	Madri Bruwer
19:00 Aandkerk	Madri Bruwer

Deurkollekte: Uitreikfees

Sondag 10 Februarie

Op pad met mekaar
Matt 5:5 en 7

08:00 Meditatief	Willie Goosen
08:00 Klassiek (doop)	Danie O'Kennedy
09:30 Meditatief	Willie Goosen
09:30 Informeel	Lizette Louw
09:30 Jeugaktiwiteite	
09:00 HGG	Paul Barnard
10:00 HB Village	Danie O'Kennedy
10:30 Internas Studente	Die Khaya
18:00 Tienerkerk	
19:00 Aandkerk	Lizette Louw

Bid saam met ons vir die volgende:

Helene Swart - kanker
Desiré Groenewald - kanker
Fanie Schoeman - kanker
Sarel du Toit - kanker, beenmurgoorplanting
Ria Sass - heupoperasie
Danie Schoeman - hospitaal
Botha Marais - herstel na operasie
Hannes Theron - tweede knievervanging, herstel tuis
Bernard en Marike Visser se baba, Carina (8 mnde), is baie siek
Deodi Fourie - herstel na breinoperasie
Paul en Michelle Swanepoel - ernstige gesondheidsprobleme
Van Zyl Siebert - kanker
Kerneels Erasmus - voetoperasie
Faan van der Westhuizen - twee ernstige rugoperasies

Moet ons vir jou bid? Laat weet ons asseblief by die kerkkantoor: 021-851 5582 of ontvangs@nghelder.co.za

WiFi
Aanteken - NG-Guest
Wagwoord - dJUD#U9K

Die week:

Dinsdag 5 Februarie
06:00 Kom bid saam - Tent

Woensdag 6 Februarie
10:00 DIY-oggend

Donderdag 7 Februarie
08:45 Bybelstudie gesamentlik - Kapel
18:45 Kantory oefen

Dagboek

6 Februarie - Brandende harte
Dit is ‘n spiritualiteit-kursus wat al 500 jaar oud is en word aangebied van 6 Februarie tot 13 Maart.

7 Februarie - Pastorale-naratiewe kursus
Vorms en volledige uiteensetting is op die webblad beskikbaar of kontak Annette Botha by berading@nghelder.co.za

13 Februarie - Doopgesprek om 19:00 in die Kapel
Navrae Grazie by ontvangs@nghelder.co.za

14 Februarie - Begin van 13 weke reeks
GriefShare, Divorce Care, Single&Parenting en DivorceCare4Kids begin om 17:30 in die Tent. Kontak Annette Botha by harmonyhelderberg@gmail.com.

17 Februarie - Nagmaal
Daar sal ‘n nagmaalkuier na die oggenddienste in die Tent wees.

22 Februarie - Gemeentebraai
Hou die datum oop, meer inligting sal volg.

26 Februarie - Kerkraadsvergadering

6 Maart - Aswoensdag

18 Maart - Phuket-uitreik
Kontak vir Louise Theron by 021-851 5582 of louise@nghelder.co.za. Sluitingsdatum vir inskrywing sluit 4 Februarie.

13 April - Herfsmakietie
Kontak hellohelderberg@gmail.com vir meer inligting

Nagmaal – ons breek brood saam

Daar is min dinge so lekker soos die reuk van vers gebakte brood wat in die lug hang. Sondag **17 Februarie** vier ons, ons eerste nagmaal vir die jaar en ook die afsluiting van ons reeks Oppad met….

Ons wil dit ‘n spesiale geleentheid maak met ‘n heerlike broodkuier na die dienste in die Tent. Sit dit sommer nou al in jou dagboek en as jy kans sien om vir ‘n vars gebakte brood of ‘n botteltjie konfyt te sorg, kontak ons gerus by hellohelderberg@gmail.com.

Gebed vir die week:

Dankie Vader, U is ons trooster. Dankie dat U vir ons so lief is en so genadig is. Help ons om ook so teenoor ander te wees en U Woord van liefde en genade aan ander te toon. Baie dankie dat ons by U voete kan kom sit met ons kop op U skoot. Dankie vir U vertroosting. Amen.

Dankbaarheid en selfondersoek

Jubeljaar

Dankbaarheid teenoor God en ‘n eerlike selfondersoek – dit is hoe ons die Jubeljaar verstaan en benader. Ons kyk terug met dankbaarheid, maar gaan ondersoek onsself of ons nog waarlik op pad is met God, mekaar en die wêreld. Selfondersoek is natuurlik ’n pynlike, maar helende proses.

Met dit wat ons in 2018 met die RESTART-proses ontdek en geleer het en met ons nuwe “Op pad met God, mekaar en die wêreld”-fokus is die kerkraad besig om vier taakspanne saam te stel om saam met ons geloofsonderskeidend te dink oor die pad vorentoe.

Die vier taakspanne en dit waaraan hulle gaan kyk, is:

Op pad met God

- Inkleding van eredienste (liturgie)
- Lofprysing en aanbidding
- Woordbediening
- Bevordering en beoefening van geloofsgewoontes

Oppad met mekaar

- Familiebediening
- Omgeebediening
- Dissipelskap
- Bybelskool
- Gasvryheid

Op pad met die wêreld

- Bevordering en/of omhelsing van diversiteit/verskeidenheid
- Loop saam-groepe
- Getuienis: Om te bid, nader te trek, uit te nooi, met vrymoedigheid die evangelie te bedien

Bestuur van die gemeente

- Gemeentebestuur en leierskapstruktuur
- Nuwe benadering tot die befondsing van die gemeente
- Beter benutting van ons ons fasiliteite en grond tot ons beskikking
- Kommunikasie en bemarking

Ons is die liggaam van Jesus Christus en jy is deel daarvan. God het jou aan hierdie gemeente geskenk. Jou kundigheid, ervaring en deelname kan ’n groot verskil maak en jy is dalk dié instrument wat God wil gebruik in Sy plan met die gemeente.

Indien die Here dit op jou hart lê om in een van die taakspanne betrokke te raak, kontak asb vir Andre Westraat (apwestraat@gmail.com) en/of vir Hannes Theron (hannes@nghelder.co.za)

Baie welkom aan die volgende nuwe lidmate:

Attie en Janie Botha met hul kinders
Riaan en Heleen - Gordonsbaai
Elize Bosman en haar seun Francois - Centurion
Pieter De Jager - Strand
Johan en Maddles Hougaard - Pinetown
Tienkie Pienaar - Hoopstad
Liezl Robinson - Barberton
Gotty en Tilly Treu met hul kinders Myrissa en Glen - Kuilsrivier-Suid

Jubeljaar

In Helderberg Gemeente wat vanjaar ons jubeljaar vier, is die Bybelse riglyne tov die Jubeljaar ook belangrik:

- Ons kyk terug met dankbaarheid oor die pad wat God met ons loop en vertel daardie stories, daarom benodig ons baie stories en foto's van elkeen.
- Ons ondersoek onsself en maak reg.
  Die vrae wat ons geloofsonderskeidend vra, is:
  - Wat moet ons nie meer doen nie?
  - Wat kan ons beter doen?
  - Wat gaan ons nuut/anders begin doen?

  LW ons/jy nie julle nie

Bydraes kan gestuur word aan kommunikasie@nghelder.co.za

DANIE O'KENNEDY

Danie en Kobie O'Kennedy met Francois

Wie onthou nog hierdie jong dominee en sy jong vroutjie?

Lees nog 'n strorie op bladsy 9.

Stuur jou storie ook vir ons na kommunikasie@nghelder.co.za

“Brandende harte” - ‘n Spiritualiteit-kursus

Inhoud: ’n Praktiese inleiding in die passievolle spiritualiteit van Ignatius van Loyola, wat al vir meer as 500 jaar Christene inspireer. Die kernvrae waaraan aandag gegee word is:

- Hoe kan ek Jesus beter leer ken en my verhouding met God verdiep?
- Hoe kan ek God se wil en my roeping beter leer onderskei?

Aanbieders: Breda Ludik, Rob Clarke, en Linda van Heerden
Tyd: Woensdagaande 6 Februarie tot 13 Maart, 18:00-20:00
Plek: Joppe
Inskrywings: Kerkkantoor by 021- 851 5582
Koste: Soveel soos bekostigbaar is. R400 word aanbeveel, maar mense wat minder of niks kan bekostig nie, is welkom. Inbetalings word anoniem in ’n verseëlde koevert gedoen by die kursus.

Helderberg Seniorklub se byeenkoms vind plaas om 8:30 vir 9:30 op 5 Februarie in die kerk.

Die Helderberg Seniorklub se eerste byeenkoms van die jaar is `n vrolike musiekoggend. Silvia van Zyl gaan ons bekoor met haar pragtige stem. Sy word begelei deur Dina Potgieter.
Kom skryf ook jou naam op vir ons jaarlikse Worsbraaigeselligheid op `n plaas.
Nuwe lede en besoekers is baie welkom.
Ledegeld is R60 per jaar.

Kontakpersoon: Isabel Lubbe by 021-855 1528 of 082 844 0735

Kom bid saam met ons elke Dinsdag-oggend van 06:00 - 06:45 in die Tent. Ons bid vir die Gemeente, ons land, kerkraad en ander sake. Jy is baie welkom om deel van die groep te wees en in afhanklikheid van die Here te leef.

Tereoskool

Helderberg UITREIK

Hawelose projek

Tereoskool benodig afval planke. Hulle wil graag rakke opsit vir boeke. Enige een wat hulle dalk kan help kan dit sommer by die skool gaan aflaai of vir Kobie Buys (082 887 7377) kontak.

Helderberg Uitreik en Wupperthal vat hande

Te danke aan fantastiese skenking deur gemeentelede van Helderberg Gemeente en Somerset-Wes Moedergemeente kon Helderberg Uitreik se Rampbestuurprojek Dinsdag met ’n groot vrag babadoeke, formulemelk, afveelappies, sanitêre en ander toiletware, klere, linne en twee kanne diesel na Wupperthal vertrek.

Meer as 70 huishoudings is geraak toe ’n brand aan die einde van Desember op dié sendingdorpie uitgebreek het. Altesaam 53 huise het afgebrand, terwyl 20 broodwinners hul werk verloor het by besighede wat deur die brand verwoes is. Die huishoudings wat geraak is, sluit onder andere vyf babas in. Dit was baie hartseer om die verwoesting wat deur die brand gesaai is, te sien. Naas die woonhuise, het verskeie geboue op die kerkwerf, soos die pastorie, besoekersentrum en eerste sendingwinkel, afgebrand. Die kerkgebou self is gelukkig nie beskadig nie.

’n Groot verlies vir die gemeenskap is die verwoesting van die basuin-orkes se koperblaasinstrumente. Baie van hierdie instrumente is deur die sendelinge uit Duitsland na Suid-Afrika gebring. Die orkes speel nog tradisionele Duitse kerkmusiek. Eerw. Jasmin Redcliffe sou graag wou sien dat hierdie instrumente vervang word, aangesien dit deel van die sendingdorpie se tradisie is. **As jy blaasinstrumente het wat nie meer gebruik word nie en jy wil dit graag skenk, handig asb by die kerkkantoor in en merk “Wupperthal”. Ons sal sorg dat dit by die orkes uitkom.**

Die gemeenskap op Wupperthal se onmiddellike behoefte is om voort te gaan om die gemeenskappe in en om die dorp te bedien. Daarvoor benodig hulle diesel vir hul voertuig om skenkings te vervoer en stewige plastieksakke om voorraad in te verpak. Hoewel hulle ongelooflik baie klereskenkings ontvang het, is daar nog 'n behoefte aan nuwe onderklere vir vroue.

Dit was 'n groot voorreg om letterlik die gemeenskapslede se hande te kon vat en vir hulle 'n gebed te kon doen.

Eerw. Redcliffe het sy dank vir die ondersteuning en die besoek uit Somerset-Wes uitgespreek.

Baie dankie aan almal wat bygedra het.

Projekleier: Pia Nänny
pia.nanny@gmail.com

Helderberg UITREIK

Jubeljaar storie

Clifford en Mattie Heys met Cliffie, Sinette en Cronjé

Het jy ook 'n storie of 'n foto? Stuur dit na kommunikasie@nghelder.co.za

Ek het in 1986 my belydenis van geloof afgelê in Helderberg Gemeente.
Clifford Heys (foto links) was die dominee wat ons deur die jaar van "katkesasie" geneem het. Links is 'n foto van hom en sy gesin.
Ek onthou nog dat my ma vir my 'n wit rok gemaak het en nou hang die pragtige rok in haar huis vir almal om te sien.

Lize van Wyk (neé Swanepoel)

STOP iT!

Helderberg UITREIK

Bewusmaking van die gevare van mensehandel-projek se visie.

Bewusmaking is krities belangrik vir ouers sowel as die kinders. Peuters en kleuters raak weg omdat ouers se fokus nie altyd op hul kinders is nie. Kinders wat gesteel word, word nie weer gesien nie.

Veiligheidswenke geld oral waar kinders saam met hul ouers is. Wees veral waaksaam by inkopiesentrums en parkeerareas.

Moontlike gevaarsone daar:

- Kindjie wat sit in die trollie terwyl ouer of oppasser op aankope konsentreer, wees tasbaar bewus van kindjie.
- Ouers stap vooruit en kindjie moet volg. Grypdiewe werk in spanne en is blitsig om kind te laat verdwyn.
- Kleintjie hardloop vooruit, ouers se aandag word doelbewus in beslag geneem, kind is onbeskerm en 'n teiken.
- By die motor is dit'n uitdaging, veral vir enkeltoesighouer, inkopies moet oorgepak word uit trollie en kinders word een vir een in motor getel - wees bewus van mense in die omgewing wat rondstaan of sit en waar die karwag of sekuriteitsman hom bevind.

Saam beveg ons die boosheid van mensehandel.

Raak dood, egskeiding of enkelouerskap jou gesin?

Ons volgende siklus kursusse begin weer op Donderdag, 14 Februarie om 18:00.
Kontak Annette Botha by
harmonyhelderberg@gmail.com
vir meer inligting.

HARMONY Relationships Restored & Reconnected

Helderberg UITREIK

DIVORCE Care | DC4K DivorceCare for Kids | SINGLE & PARENTING | GRIEF SHARE

Baby wipes, asseblief

Deesdae is daar mos 'n nasionale dag vir alles - van pannekoek tot braai-vleis. Die kanga&roo-projek, wat kanga-gesinne ondersteun wat babas versorg wat wag op aanneming, verklaar beide Sondag 3 Februarie (Helderberg Uitreikfees) en Sondag 10 Februarie (kanga&roo-getuienisgeleentheid) amptelik as *Baby Wipes* dag!

Helderberg UITREIK

Die projek benodig *baby wipes* en sommer baie daarvan. Enige soort en enige hoeveelheid is welkom. Daar is tans talle spesiale aanbiedinge in die winkels en teen ongeveer R30 'n pakkie is dit nie 'n rugbreker nie. *Baby wipes* kan op beide Sondae by die kanga&roo-uitstalling in die Tent by Helderberg Gemeente ingegee word.

Die projek word ook op Sondag 3 Februarie tydens die Uitreikfees aan die kleuters en kinders bekend gestel. Kleuters handig in by die Kleuterkerk en graad 1-6 handig in by hulle groepleiers op Sondag 10 Februarie. Ons kyk watter klas bring die meeste pakkies wipes. Heerlike *cupcakes* is op die spel!

Kom ons koop die winkelrakke leeg en seën die kanga-gesinne elkeen met 'n hele paar maande se voorraad *baby wipes.*

Kontak Tanya Schultz by tania@kidsxpress.org

Versorgingsfonds

Ons gemeente se leuse is "'n Passie vir God en 'n hart vir mense en 'n wêreld in nood." Indien daar ooit 'n uitsonderlike geleentheid was om dit prakties uit te leef, dan is dit met ons Jubeljaar vanjaar.

Om kerk of gemeente te wees, beteken om soos Jesus Christus, juis dit te doen en te wees. Ek vertel net die onderstaande verhaal om iets te illustreer van wat ons by die Versorgingspan bedoel:

'n Skrywer, R C Sproul vertel die volgende*: "Na die Koreaanse oorlog was daar 'n groot aantal wesies. Ons sien dit na die meeste konflikte. In Korea het bystandsorganisasies ingekom om die probleme van getalle weeskinders te hanteer. Baie van hierdie kinders beland in kinderhuise.*

Baie gou sien die bystandswerkers dat daar 'n probleem met die kinders is. Hulle kry drie maaltye per dag, maar as hulle saans gaan slaap, is hulle bang en slaap moeilik. Hoekom? Na lang gesprekke met die kinders blyk dit dat die kinders bang was dat daar die volgende dag geen kos sou wees nie. Hoe nou gemaak? By een van die kinderhuise besluit die werkers om elke aand in elke kind se hand 'n sny brood te plaas. Hulle was nie veronderstel om die brood te eet nie – die kinders het dit styf in hulle handjies vasgehou – vir hulle was dit 'n soort "veiligheidskombers".

Dit het hulle daaraan herinner dat daar voorsiening vir elke maaltyd gemaak is. Dit was gou duidelik dat die kinders se vrees verdwyn het en dat hulle beter geslaap het."

Gee ons vandag ons daaglikse brood leer ons om na God te gaan in nederige afhanklikheid en Hom te vra om dit wat ons (en ons mede-gemeentelid) nodig het, vir daardie dag te voorsien.

Maar nou is die vraag: Kan óns die gebed bid en dalk ontdek dat ons self God se antwoord is vir hulle wat nie het nie, se gebede ?

Gesinne in nood in ons gemeente word finansieel en maatskaplik deur die Versorgingsfonds ondersteun. Ons beoog om in die maande wat kom, op 'n gereelde basis, inligting en riglyne te gee om jou te kan help om die regte besluit te neem.

Ons gee net weer die **VERSORGINGSFONDS** se bankbesonderhede indien jy 'n bydrae wil maak (dit is ook op die agterblad van die Helderstem):

Bank ABSA Somerset-Wes
Rek nr. 2900 590 094 - tjek
Rek. naam NGK Helderberg
Takkode 632005
Verwysing *Versorgingsfonds*

Helderberg Gemeente
Bankbesonderhede
Bank ABSA Somerset-Wes
Rek nr. 2900 590 094 (tjek)
Rek naam NGK Helderberg
Takkode 632 005
Verwysing Naam of bediening
Navrae Antoinette du Toit
021- 851 5582

Helderberg NG Gemeente
021-851 5582
www.nghelder.co.za
Leraarnoodnommer
083 988 2003
ontvangs@nghelder.co.za
Beradingsentrum:
Telefoon: 079 417 3863
berading@nghelder.co.za

Helderberg Uitreik
Bankbesonderhede vir Art 18A

ABSA Helderberg-tak: 632005
Rek nr. 9114483080
Spaarrekening
Verwysing: Projeknaam of WBB

Kerkkantoorure
Weeksdae: 08:00 - 16:00
Vrydae: 08:00 - 13:00
Sondae: 08:30 - 11:30
Skoolvakansie: 8:00 - 13:00

SnapScan

Helderberg Gemeente

SnapScan

Helderberg Uitreik
Artikel 18A

Gesinne in nood in ons gemeente word finansieel en maatskaplik deur die Versorgingsfonds ondersteun. Dankie vir getroue bydraes. Lees meer op www.nghelder.co.za onder Bedieninge, Onderlinge Sorg, Versorgingsfons

Versorgingsfonds

Helderberg Gemeente
Bankbesonderhede
Bank ABSA Somerset-Wes
Rek nr. 2900 590 094 - tjek
Rek naam NGK Helderberg
Takkode 632 005
Verwysing *Versorgingsfonds*